

15 Mei

Skrifgedeelte: Romeine 9:10-24
Fokusgedeelte: DL, 1:6

God is nie onregverdig nie, maar wel genadig!

As geloof 'n gawe van God is, hoe gebeur dit dat Hy aan sommige die gawe gee en aan ander nie? Romeine 9:11 sê: “Die besluit van God is gegrond op uitverkiesing; dit hang dus nie af van wat 'n mens doen nie, maar van Hom wat jou roep.” Ons belydenis sê daarom: “Dat God aan sommige mense in die tyd die gawe van die geloof skenk en aan ander dit nie skenk nie volg uit sy ewige besluit.”

Die eerste vraag wat by 'n mens opkom is of God dan nie onregverdig is as Hy aan sommige geloof gee en aan ander nie? Romeine 9:14-16 sê hierop: “Beslis nie! Vir Moses het Hy gesê: ‘Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees, en Ek sal My ontferm oor wie Ek My wil ontferm.’ Dit hang dus nie af van 'n mens se wil of strewe nie, maar van God wat barmhartig is.”

Wat ons altyd moet onthou is dat “almal ewe verlore” is. As God dan mense uitkies en hulle harte ontvanklik maak vir die evangelie en hulle ombuig tot geloof, dan is dit suiwer genade! As God, daarenteen, ander mense, wat hulleself in die verderf gestort het, daarin los, dan is Hy regverdig. Hy is God en aan niemand enige verantwoording verskuldig nie: “Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees, en Ek sal My ontferm oor wie Ek My wil ontferm,” sê Hy.

As ek in Jesus Christus glo, dan is ek uitverkies – dan het God gekies om barmhartigheid aan my te bewys, dan het God gekies om Hom oor my te ontferm! Dit is 'n groot, onuitspreeklike, onverdiende voorreg en troos waarvoor ek God ewig dankbaar moet wees! Bewys vandag weer jou dankbaarheid deur die Here voluit te dien.

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~